NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 15 – Uitgawe 45

19 Januarie 2023

# Die lewe is ’n asem lank...

Om *Blitspos* te ontvang, stuur ’n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Die swaargewig-bokslegende Muhammad Ali was nie juis bekend vir sy ingetoë nederigheid nie. Op ’n keer sit hy in ’n vliegtuig wat gereedmaak om te vertrek. Voor hulle opstyg, gaan die vlugpersoneel eers deur hul gebruiklike prosedures en instruksies. Een lid sien dat Ali nie sy veiligheidsgordel vasgemaak het nie. Sy versoek hom vriendelik om dit tog maar te doen. Kordaat reken Ali: *Superman het nie ’n sitplekgordel nodig nie!* Sonder om ’n wenkbrou te lig, antwoord sy: *Ja, Meneer, jy is heeltemal reg. Maar, Superman het ook nie ’n vliegtuig nodig nie...***

Ek het aan hierdie (weliswaar apokriewe) vertelling gedink toe ek sommer vroeg in 2023 opnuut besef het: Ek is nie Superman nie. En jy ook nie...

Jy is nie Superman nie – jy kan nie oor geboue vlieg of die wêreld van ondergang red nie.

Jy is nie Superman nie – alles hang nie net van jou af nie. Eintlik hang baie min van jou af.

Jy is nie Superman nie – jy mag maar swakhede hê; jy mag maar foute maak; jy mag maar afdae hê; jy mag maar soms nukkerig, wispelturig, moeg of kwaad wees.

Jy is nie Superman nie – jy mag maar broos en bang wees; jy mag maar verpletterd voel weens verlies; jy mag maar erken dat alles eenvoudig te veel raak.

Jy is nie Superman nie – jy mag maar onseker wees oor die toekoms; jy mag maar bieg dat jy nie weet nie; jy mag maar hulp vra.

Jy is nie Superman nie – en gelukkig en genadiglik hoef jy nie te wees nie, of voor te gee om te wees nie. Die lewe is in elk geval heeltemal te kort om iets of iemand te probeer wees wat jy nie is nie – en nooit kán wees nie. Ons durf dit nie van onsself verwag nie – en nog minder van ander. Job het hoeka gesê: *My dae loop vinnig soos ’n wewerspoel, die draad raak gou op. Dink daaraan, o God, dat my lewe maar net ’n asempie is...* (Job 7: 6-7a, AFR1983).

Die lewe is te kort om by elke beskikbare geveg betrokke te raak. Kies wys. Die lewe is ewe-eens te kort vir bitterheid en wraakgedagtes; te kort om jouself te kasty omdat jy nie aan onmoontlike verwagtinge kan voldoen nie; te kort om vir jouself te hou wat eintlik gesê behoort te word; te kort om te wroeg oor geleenthede wat verspeel is en treine wat verpas is; te kort om te verkwis op as-ek-maar-net-mymeringe en ek-is-nie-goed-genoeg-nie-dwalinge; te kort om te wonder wat jou Facebook-vriende van jou dink; te kort om te mors op swak sjokolade, suur wyn, flou koffie, vrot flieks, fopnuus, vae beloftes en vals mense. Die lewe is veral veels te kort om te wens maar nie te waag nie, in geloof nuut te waag nie, met God op weg te waag nie. Gordel vas – en lewe elke dag met die vooruitsig dat die heel beste vóór jou lê.

Dalk verwoord ’n greep uit ’n Breyten-juweel ook óns versugting:

*Mag die bome groen bly*
*en die sterre wit,*
*en mag daar altyd mense wees*
*wat mekaar sonder skaamte*
*in die oë kan kyk –*
*want die lewe is ’n asem lank...*

Mag elke leser van *Blitspos* se bome in 2023 groen en sterre wit bly – en mag ons mekaar aan die einde van die jaar steeds onbevange in die oë kyk.

**Dr Johan van Staden**
**Redakteur: *Die Hervormer* en *Blitspos***

Ds Jan Wilson

Ds Carel Johann de Bruin

Ouma en Oupa Jacobs en Leah

## Lief en leed

- **Mnr George Gates,** eggenoot van mev Wilna Gates (voorsitter van die ADV), is Maandagnag 16 Januarie oorlede na ’n hartaanval. Ons innige simpatie gaan aan Wilna en hul familie.

- Ds J (Jackie) Dippenaar (beroepafwagtend) se broer, **mnr Pierre van Wyk** (50), is skielik oorlede op 26 Desember. Hy is op 3 Januarie ter ruste gelê. Ons innige simpatie gaan aan ds Jackie en haar familie.

- **Mnr JL (Kobus) van Heerden** (75), vader van oudl JG (Johan) van Heerden (lid van die Kommissie van die AKV), is Woensdag 21 Desember oorlede toe infeksie na ’n operasie ingetree het. Daar is Donderdag 29 Desember ’n roudiens op die familieplaas in Mpumalanga gehou. Ons innige simpatie gaan aan oudl Johan en sy familie.

- Ds LJ (Sakkie) Meyer (emeritus) se vrou, **mev Corrie Meyer**, het aan die einde van Desember ’n hartaanval gehad en moes ’n stent kry. Sy sterk tans tuis aan. Die egpaar sal waarskynlik nou in ’n tehuis vir bejaardes opgeneem moet word, omdat **ds Sakkie** (83) ook gesondheidsprobleme ondervind. Ons bid hulle krag en troos toe in hierdie moeilike tyd.

- **Ds JF (Jan) Wilson** (emeritus, 67) is aan die begin van Januarie in die hospitaal opgeneem met ’n hoë infeksietelling. Ons bid hom spoedige beterskap toe.

- **Ds CJ (Carel Johann) de Bruin** (emeritus/SPE-museum, 51), het aan die begin van Januarie ’n ligte hartaanval gehad. Die bedrywige Carel Johann is reeds weer voluit aan die gang. Ons bid hom sterkte en beter gesondheid toe in die nuwe jaar.

- Baie geluk aan **ds Kobus en Monique (Clark) Pienaar** met hul huweliksbevesting op 7 Januarie!

- **Ds Dawie en Jeanett Jacobs** (Dolfynkus/Durban-Suid) het vir die eerste keer oupa en ouma geword. Baie geluk aan **Nico en Suané Rens** en die trotse grootouers met die geboorte van **Leah** op 19 Desember 2022 (2,54 kg, 49 cm)!

- Die volgende predikante vier vanjaar **ampsjubileums**. (Indien ons iemand uitgelaat het, moet u asseblief vir mev Karen Breedt by **karen@nhk.co.za** laat weet.)

  **25-jaar-jubileum**

  - Ds AJ (Attie) Hattingh – Krugersdorp-Noord
  - Ds W (Werner) Olivier – emeritus
  - Ds PJ (Pierre) Roets – Springs-Oos
  - Ds A (André) Thomas – Oos-Moot
  - Ds JBJ (Kiewiet) van Deventer – Joachim Prinsloo/Ruskoppies
  - Ds JA (Johnny) Young – Rustenburg-Tuine

  **50-jaar-jubileum**

  - Prof LJS (Lourens) Steenkamp – emeritus/Makarios
  - Dr JA (Kobus) van Biljon – emeritus

- **Die volgende predikante verjaar tot 27 Januarie, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 19 Januarie: Di IM (Retha) Losper (33) (Ogies/Suidoos-Witbank) en MJ (Martin) Slabbert (51) (Philadelphia)
  - Vrydag 20 Januarie: Ds MJJ (Martyn) Redelinghuys (92) (emeritus)
  - Saterdag 21 Januarie: Dr J (Johan) Nel (62) (Bloemfontein-Wes) en ds GS (Stephen) de Beer (62) (Noordwestelike Pretoria)
  - Sondag 22 Januarie: Ds WJ (Willem) Slabbert (76) (emeritus/Meyerspark)
  - Maandag 23 Januarie: Dr WC (Wouter) van Wyk (60) (Sinodaal)

- Dinsdag 24 Januarie: Ds HMJ (Marius) Kramer (38) (Krugersdorp-Oos)
- Woensdag 25 Januarie: Di R (Riaan) Botha (53) (Lydenburg), PJJ (Pierre) Kotze (73) (emeritus) en A (Annieka) Pottas (29) (Montana)
- Donderdag 26 Januarie: Di BM (Marita) Engelbrecht (51) (Komatipoort), RL (Richard) van der Westhuizen (58) (Tzaneen) en M (Marsulizé) van Niekerk (34) (Upington)
- Vrydag 27 Januarie: Ds WE (Elmien) Snyman (55) (Sundra/Zesfontein)

## Gemeentes en bediening

Ds Herman Meyer

Prop Louize de Beer

Prop Lamé Janse van Rensburg

- **Ds HP (Herman) Meyer** (Carletonville, deeltyds) het die beroep na Carletonville (voltyds) aanvaar.
- **Prop L (Louize) de Beer** het ’n beroep ontvang na Ottosdal. Sy het die beroep aanvaar en word op 22 Januarie daar bevestig.
- **Prop L (Lamé) Janse van Rensburg** het ’n beroep ontvang na Rooihuiskraal. Sy het die beroep aanvaar en word op 22 Januarie daar bevestig.
- Die **kontakbesonderhede** van die kantoor van **Gemeente Montana-Oos** het verander. Skakel asseblief in die toekoms 064 703 5503 vir die kantoor of 082 411 5464 vir die administratiewe beampte, Susan Schoonbee. Kantoorure is Maandae, Woensdae en Vrydae 08:30 tot 11:30. Die pastorie het ook nie meer ’n landlyn nie. Skakel **ds Frikkie van Wyk** direk by 083 625 6788.
- **Oudl Solly Morris** is tot skriba verkies by **Gemeente Meyerton-Suid**, na oudl David Bronkhorst se bedanking. Sy kontakbesonderhede is 082 642 8913 en **skribanhkms@gmail.com**.
- **WERKRUIMTE VIR VOLTYDSE BEDIENING: GEMEENTE DELAREYVILLE**

  Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om hierdie werkruimte te vul.

  **Gemeenteprofiel:** Die gemeente was verlede jaar 100 jaar oud. Die sieletal is ongeveer 320, belydend 260, en die ouderdomsprofiel is ’n gemiddelde ouderdom van 50 jaar. Die gemeente beskik oor ’n kerkgebou, saal en netjiese tuin. Verder beskik die gemeente oor ’n gerielike pastorie met boorgatwater. Die gemeente bestaan deels uit ’n boerdery en ’n dorpsgemeenskap.

  **Leraarprofiel:** Die leraar se lewe moet getuig van ’n passievolle verhouding met God. Geesvervulde eredienste is vir die gemeente belangrik. Huis- en siekebesoek is ook nog vir die gemeente van belang.

  **Aansoeke sluit op 31 Januarie 2023** en moet vergesel wees van ’n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van twee referente insluit. Dit moet gestuur word aan die adminbeampte by **nhkerk@lantic.net**. Die kerkraad behou die reg, indien so besluit, om nie een van die aansoekers te beroep nie.

## Vergaderings

- Donderdag 19 Januarie: ADV Finkom
- Maandag 23 Januarie: Bestuurskomitee
- Dinsdag 24 Januarie: DPS en Plesion Finkom
- Vrydag 27 Januarie: Beleggingskomitee

## Kerklike publikasies

- **Mev Sarie Roux** van die **Sinodale Boekwinkel** is van 12 Januarie tot 3 Februarie nie beskikbaar om bestellings te verwerk en uit te stuur nie. Navrae kan intussen aan haar gestuur word, na **boekwinkel@nhk.co.za**.

- Lees die laaste 2022-uitgawe van die **gratis publikasie *Lalasini*** by **https://www.lalasini.co.za/om/index.html#p=1**. In sy redaksionele berig vra **dr Piet van Staden** (emeritus/ Worcester): *Hoe kom nuwe idees tot stand?* Die tema van dié uitgawe is die oorsprong of geboorte van idees. Daar is artikels oor Matjiesfontein, die Oos-Vrystaat, rooibostee, hoe om met beurtkrag saam te leef, sinvolle aftrede, die Afrikaanse Taalmuseum & -monument en Eugène Marais.

## ’n Gedig

Ek koop vir my ’n laptop
met baie baie apps
vir môre en vandag
en vir later dalk perhaps.
En ek het baie documents
en alles is gesave
en nou hou ek my fingers crossed
dat my laptop sal behave,
maar sê nou net daar’s ’n ongeluk
en indien my laptop crash,
het ek alles weggesit
en veilig in ’n cache.
Maar nou hoor ek
neef Sarel Louw
wil Afrikaans wel suiwer hou.
En al sy dokumente berg hy dag ná dag,
want sê nou net daar kom ’n ramp
met iets ergs om te verwag.
Nou sit hy daar en wonder
van soggens vroeg tot saans
hoe crash ’n mens se rekenaar
in suiwer Afrikaans?

**Philip de Vos**
(Uit: *Môre en gistraand en die einde van die maand*, 2022)

## Studentesake

- **NHKA Stellenbosch aanvangskamp:** Gemeente Stellenbosch nooi al die Hervormers wat in 2023 aan Stellenbosch Unversiteit gaan studeer na ons aanvangskamp **Sondag 29 Januarie tot Woensdagoggend 1 Februarie 2023**. Ons vertrek Sondag 14:00 van die kerkgebou af na die kampterrein ongeveer 10 km buite Stellenbosch. Vir meer besonderhede, kontak gerus vir dr Chris le Roux (079 495 3239 / **cleroux@mweb.co.za**) of Elizabeth Rossouw (+264 81 833 7022 – dit is ’n Namibiese nommer, maar sal werk vir WhatsApp). Gee asseblief hierdie inligting vir elkeen wat jy ken wat hier gaan kom studeer. Ons wil veral graag al die nuwe studente by die kamp leer ken, en julle sal dit baie geniet.

- **Philadelphia Afskopkamp**
  **Datums: 29 Januarie tot 2 Februarie 2023**
  Plek: Hartbeesfontein Voortrekkerplaas
  Koste: R980 per persoon
  Navrae: Dr Sanrie de Beer 083 226 1866 / Ds Martin Slabbert 082 655 4787

- **Gemeente Potchefstroom-Studente: Eerstejaarskamp**
  **31 Januarie – 3 Februarie 2023**
  By Venterskroon-kampterrein
  R1 200 per persoon
  Vir meer inligting, skakel dr Rudy Denton by 082 459 9710
  Inligtingsvorm: **https://forms.gle/qZZrekn4VbZ6GFzH6**

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Toerusting

- Die **ATKV** bied verskeie **geestelike retraites** aan, by Buffelspoort en in die Kaap by Goudini Spa. Kontak ds Gys van Schoor by **gysvs@iafrica.com** vir meer inligting. Besprekings by 014 572 1000 of **buffelspoort@atkv.org.za** (Buffelspoort) en 023 349 8181 of **konfgo@atkv.org.za** (Goudini).

## Barmhartigheid

- **Belfast Rusoord.** Kom raak rustig in ons goed toegeruste kamers met opgeleide personeel en ander vrolike seniorburgers. Ons bied 24-uur mediese versorging; CCTV; 24-uur-toegangsbeheer; drie gebalanseerde maaltye per dag; en aktiwiteite vir elkeen.
  Semiversorgend: R6 180
  Verswakte bejaardes: R6 720
  **Woonstelle (selfversorgend)**
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R2 830
  Eenslaapkamer: R4 500
  Tweeslaapkamer: R6 070
  Kontak ons bestuurder vir enige navrae
  Riana de Villiers 013 253 31211 / 063 663 7449 **manager@belfastrusoord.co.za**

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede**
  Enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as ’n stil, veilige, boomryke omgewing en ’n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520

## Fondsinsamelings

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.

## Gebed vir die week en die nuwe jaar

Vandag is ’n nuwe dag,
’n geleentheid vir ’n nuwe begin.
Gister is verby,
en daarmee saam al die teleurstellings,
foute en mislukkings waarmee ek geworstel het.
Vandag is ’n goeie dag
vir vreugde,
vir dankbaarheid,
en ja, Here,
ek juig en ek sê dankie.
Dankie vir vandag,
vir die nuwe geleentheid om lief te hê,
om te gee,
en om te wees wie en wat U van my verwag om te wees.

Rebecca Barlow Jordan
*parade.com*

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)


| | |
|---|---|
| Redakteur: | Dr Johan van Staden |
| Subredakteur: | Ds Etienne Fourie |
| Koördineerder: | Mev Tessa Oppermann |
| Uitlegkunstenaar: | Mnr Hugo van Niekerk |